

4 September

Skrifgedeelte: Genesis 41:1-43
Fokusgedeelte: Genesis 41:15, 16

Bring aan God alle eer en Hy sal jou lewe verryk!

Josef het in al die drome wat hy uitgelê het nooit self die eer daarvoor gevat nie. In vers 15 prys die farao Josef en sy gawe van droomuitleg. Onmiddellik verloën Josef homself en laat hy God die eer daarvoor ontvang (vs 16). Daarna soek die farao 'n man met die verstand van 'n god (vs 38) en stel Josef aan as onderkoning, omdat hy glo dat God met hom is. Hierdeur herken die heidense farao die bestaan van die Almagtige God. Wat 'n getuienis!

Hoeveel keer het mense jou al bedank vir dit wat jy vir hulle kon beteken met die gawes wat God jou gegee het? Elke gelowige het 'n gawe ontvang waarmee ons ander kan bedien. Nou nie droomuitleg nie, maar gawes soos vriendelikheid, gasvryheid, diens, wysheid, ensovoorts. Het jy die eer vir jouself gevat? Of het jy gesê: Dit is die Here wat jou deur my bereik het? Kom ons leer hieruit dat die Here jou altyd wil gebruik om ander na Hom toe te lei. Gee aan God die eer en so evangeliseer jy ander vir God en sy kerk. Wat 'n voorreg!

Sing: Psalm 146:1, 8

Ds. LJ Buys (Rustenburg-Wes)